

17 VOEDING EN SIEKTES

Alhoewel die onderwerp nog nie voldoende aandag, spesifiek op sitrus gekry het nie, is daar reeds heelwat op ander gewasse gedoen. Die volgende is reeds bekend.

- Indien 'n plant vir twee ure aan versuiptoestande blootgestel is, raak dit vatbaar vir patogene.
- Avokado wat in rooi-lemmerige Huttonggrond wat meer as 2000 mg Ca/kg grond bevat, geplant is, het minder probleme met *Phytophthora* as by laer kalsiumvlakke.
- Die voorkoms van *Fusarium oxysporum* word verminder indien die pH en kalsium-inhoud van die grond verhoog word.
- Nitrate verminder die voorkoms van *F. oxysporum* in vergelyking met die gebruik van ammoniumstikstof.
- 'n Goeie kaliumstatus verminder die vatbaarheid van die plante vir baie siektes.
- Gebruik van ammoniumstikstof verminder die groei van *Verticillium sp.*
- Koper en tot 'n mate ook Zn en Mn verminder die voorkoms van swamme in die algemeen. Die probleem is net dat die wortels meer vatbaar is vir 'n oormaat Cu as die swamme.
- *Pythium coloratum* word onderdruk by 'n pH(water) van 6,9 teenoor 5,1.
- Neutrale tot alkaliese pH onderdruk die aktiwiteit van patogene en stimuleer dié van saprofiete.